HOËRSKOOL RANDBURG

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 41 VAN 2020

20 September 2021

Geagte Ouer/Voog, Leerder en Onderwyser

Welsynsprojek: 2021 Kwartaal Drie

Hoërskool Randburg is trots om te kan sê dat daar heelwat leerders uit hierdie skool besig is met hule mediese studies en spesifiek aan die Universiteit van Pretoria. As deel van hul studies, is hulle dan ook betrokke by gemeenskapsprojekte en uitreike.

Ons skool is dan deur een van die jaargroepe genader om hulle te ondersteun in hul projek waar daar in die huidige ekonomiese tyd en met die groot werkloosheidsyfer 'n nood ontstaan het om nuwe ma's van pasgebore babas in staatshospitale van noodsaaklike items te voorsien. Sien asseblief aangehegte advertensie. Elke nuwe Ma ontvang dan ook 'n reeds opgemaakte pakkie met hierdie noodsaaklike items.

'n Bekende onderklerefabrikaat het 'n onderneming met hierdie studente aangegaan dat daar vir elke pakkie wat hulle opmaak gratis onderklere vir hierdie pakkie voorsien sal word.

Ons skool is genader om net seep en deodorant by te dra. Die projek sal soos volg verloop:

Tyd:	27 September – 1 Oktober
Wie:	Elke kind in elke registerklas
Wat:	Seep soos *Lux* en enige deodorant

Die leerders kan dan op 1 Oktober teen 'n bedrag van R5 met gewone klere skool toe kom, wat dan ook vir die projek geskenk sal word.

Kom ons ondersteun hierdie laaste uitreikprojek van die jaar!

By voorbaat dankie!

L NAUDÉ: SF-Voog **P BOOYSEN: Hoof**

Studente vir Mammas

Postpartum Pakket Projek

Gelukkige Ma = Gelukkige Baba

Wat?	Waar?	Wanneer?
Seep en deodorant	Jou Skool	29 Sept - 1 Okt

Help nuwe mammas deur seep en deodorant te skenk. Die UP MBChB derde jaar klas het die voorreg gehad om gedurende ons eerste rotasie by nuwe mammas en babas te leer. Ons klas wou graag teruggee aan die gemeenskap deur ná die geboorte van die baba, vir die ma te sorg. Dit sal die mammas bemagtig om na die beste van hul vermoëns na vir hul babas te sorg.

Dankie vir jou vriendelike deelname!

MBChB Klas van 2024